NOTULE VAN BOLAND ROLBAL VERGADERING GEHOU OP VRYDAG, 11 JANUARIE 2019 TE WORCESTER ROLBALKLUB

1. OPENING

Lorna Viljoen open die vergadering met gebed. Stoffel Lambrechts verwelkom die lede teenwoordig.

2. TEENWOORDIG

Stoffel Lambrechts - President
Mark Beviss-Challinor – Vise-president
Ena Linde – Sekretaris
Joggie Snyman - Tesourier
Engela Lambrechts - Wedstrydsekretaris
Theuns Coetzee – Ledewerwing en Bemarking
Lesley Beviss-Challinor – President Winelands
Leon Meyer – President Weskus
Lorna Viljoen – Disability Bowls Standing Committee
Pieter Linde - Sameroeper Tegniese Beamptes

2.1 VERSKONINGS

Rosa Cloete – President Overberg subdistrik

3. BYKOMENDE ITEMS

3.1 Terugvoer Boland/WP oefening

Was geslaag met WP die wenners. Stoffel noem dat Boland se spanne baie werk het om te doen voor die volgende oefening in Februarie.

3.2 Grondwet in lyn met BSA voorskrifte

Stoffel noem dat die nuwe Grondwet van Bowls SA na Martin van Zyl verwys is vir toepaslike kommentaar en dat dit daarna aan Rolbal SA gestuur is maar dat geen terugvoer van hulle ontvang is nie. Stoffel beklemtoon dat daar op gelet moet word dat die Grondwet van streke moet voldoen aan SASCOC se riglyne. Een aspek wat in die Grondwet aandag moet geniet is seksuele teistering. Klubs sal hieromtrent ingelig moet word en Boland se Grondwet sal ook dienooreenkomstig aangepas moet word. **President/Sekretaris**

3.3 Befondsing

Stoffel deel die vergadering mee dat ‘n brief van Rob Forbes ontvang is waarin hy ons meedeel dat befondsing vanaf die regering vir nasionale spanne in die gedrang is. Tot die voordeel van Rolbal is die feit dat ons nasionale spanne goeie resultate behaal. Rolbal SA vra dat Boland insette moet lewer. **Stoffel**

3.4 Grondwet: Hermanus en Lagoon

3.5 Die Sekretaris sal Hermanus en Lagoon in kennis stel dat die voorgestelde veranderinge aan die Grondwet van hulle onderskeie klubs, in orde is.
Dit word voorsien dat die Grondwet van klubs voortaan deur die betrokke distrik goedgekeur kan word namens Boland Rolbal. **Sekretaris**

3.6 Korrespondensie : Geoffrey Mattheman

Die vergadering versoek die Sekretaris om ‘n brief aan Geoffrey Matthewman te stuur waarin hy meegedeel word dat die saak afgehandel is en dat geen verdere korrespondensie daaroor sal wees nie. **Sekretaris**

3.7 Financing : West Coast

Leon Meyer het ‘n e-pos van Al Cannone aan die vergadering voorgelê waarin daar navraag gedoen word oor ‘n voorstel wat verlede jaar deur die Weskus ingedien is en waarvolgens daar erkenning verleen word aan die drie distrikte, met Boland wat in effek ‘n Federale Raad word. Die beswaar van Boland het veral gegaan oor die finansiële plan wat die Weskus voorgelê het omdat DCAS se befondsing net vir ontwikkeling in die drie streke is, terwyl Boland nog steeds sy eie begroting behartig. (Afskrif van e-pos aangeheg.)

Die sekretaris word gevra om ‘n skrywe aan die Weskus te rig waarin hulle gevra word om ‘n meer gedetailleerde voorlegging aan die Uitvoerende Bestuur beskikbaar te stel met die oog daarop om hierdie volledige uiteensetting aan die ander distrikte voor te lê vir hulle insette.

Sekretaris

4. GOEDKEURING VAN NOTULE

Die Notule van 05 Oktober 2018 word goedgekeur .

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE VAN 05 OKTOBER 2018.

5.1.1 Interdistrikte Kleredrag

Aangesien daar nie tot ‘n besluit gekom is ten opsigte van die verandering van kleredrag vir die 2019 Interdistrikte Toernooi nie, word bevestig dat spanne die ou, die druiwetros, of ‘n kombinasie van beide kan dra vir die 2019 Toernooi. Daar moet egter besin word or die amptelike kleredrag na afloop van die 2019 Toernooi met die oog op 2020 en verder.

5.1.2 Terugvoer Kuipers/Loeries Toernooi

Henry Fourie se verslag is aan lede van die Bestuur deurgestuur. Stoffel bevestig dat die toernooi geslaagd was ten spyte daarvan dat die uitslae beter kon gewees het.

5.1.3 Interdistrikte Reëlings

Die verblyf- en reiskoste vir die Ope- en Seniorspanne is gefinaliseer. Wat betref die toelaag per speler, word bevestig dat die Bestuurder van elke span verantwoordelik is vir die hantering van die toelaag en self ook deel in die toelaag. Die spelersbydrae moet teen 15 Februarie inbetaal wees en Joggie het reeds ‘n Staat aan elk van die betrokke klubs gestuur. Reëlings vir klere- en sakke bestellings is ook getref.

5.1.4 Anti-Doping

It was re-iterated that SAIDS (South African Institute for Drug-free Sport) develops a list of sporting codes and athletes’ competition levels to determine who needs to apply for a TUE (therapeutic use exemption) in advance. At present Bowls SA is not included on this list, hence bowlers need only apply for TUE retroactively should their sample test positive.

6. FINANSIES

6.1 Finansiële Verslag

Voorgelê en goedgekeur.

6.2 Krediteure & Debiteure

Voorgelê en Stoffel noem dat daar geen probleem gevalle is nie.

6.3 2019 Boland Jaarboek

Daar word bevestig dat die prys van die 2019 Jaarboek R25 per kopie is. Sekretaris sal klubs so laat weet.

Ena

7. LEDEWERWING EN BEMARKING

7.1 Skedule opgedateer

Theuns noem dat daar ‘n groei in ledetal is. ‘n Opgedateerde skedule word hierby aangeheg. Daar moet daarop gelet word dat die ouderdom gemiddelde was soos met statistiek ontvang in Oktober 2018 en nie Januarie 2019 nie.

7.2 Franschhoek

Stoffel besoek Franschoek Rolbalklub eersdaags om hulle by te staan met die bestuur en administrasie van die klub. Charles Stassen is ook beskikbaar om te help. **Stoffel/Charles**

7.3 Sandvliet – Sakeliga

Theuns verantwoordelik vir die reëlings en is baie tevrede met die borgskap van Sandvliet.

7.4 Stellenbosch/Malmesbury

Die vergadering neem kennis dat die klubs Stellenbosch en Malmesbury deel moet word van Boland Rolbal. **Theuns**

7.5 Kleiner Balle

Word bevestig dat klubs R400 per stel moet betaal vir balle wat kleiner gemaak is. Die distrik, aan die ander kant, sal ‘n faktuur ontvang vir R200 per stel. **Joggie/Sub-distrikPresidente**

8. WEDSTRYDSEKRETARIS

8.1 Inskrywings tendens

Engela noem dat daar ‘n groot afname is in inskrywings van die Weskus wat betref Mans/Dames Ope Enkels.

8.2 Venue Bolandliga

Alhoewel voorheen besluit is dat die Finaal op die Weskus gespeel sal word is die aantal Weskus inskrywings vir die Liga so min dat besluit word dat die speel van die finaal sal roteer tussen Overberg en Weskus met die 2019 Finaal op Hermanus in die Overberg. Bestuur besluit verder dat Wynland met die meeste inskrywings in die Liga, hierdie jaar twee spanne in die Finaal vir Mans sowel as Dames sal kry. **Engela**

8.3 Boland Interdistrikte

Rotering ten opsigte van venue word bevestig. Die Boland Interdistrikte (Overberg, Weskus en Wynland) gaan nou jaarliks roteer. Die 2019 kompetisie gaan op Hermanus in die Overberg wees, 2020 in die Weskus (waarskynlik LCE, Lagoon en Langebaanweg) en dan in 2021 te Worcster in die Wynland. Die distrikte kan by DCAS aansoek doen vir “major events” bydraes. **Engela**

8.4 Trekkings van Boland kompetisies

Engela skets kortweg die probleme wat sy ondervind ten opsigte van die trekkings van Boland kompetisies. Die streke kry die inskrywings en stuur dan die name en trekking na Engela. Die streke gebruik gewoonlik vir hierdie doel vorige jare se patroon (sjabloon) en dit maak dat foute insluip wat beteken dat Engela se werk bemoeilik word en die moontlikheid van foute insluip.

Om hierdie probleme op te los word daar besluit dat Engela in die toekoms die besonderhede bymekaar sal sit, die trekking aan die distrikte sal deurstuur met die doel dat hulle dit sal kontroleer om enige moontlike foute uit te wys voordat dit dan deurgestuur word en dan ook op die webwerf geplaas word. **Engela**

9. VERSLAE: SAMEROEPERS

9.1 Afrigters

'n Vlak 1 Afrigterskursus sal op dieWeskus aangebied word. Con Dix het bevestig dat sy beskikbaar is.

9.2 Tegniese beamptes

Vlak 1 TB kursus word in Maartmaand in Overberg asook op die Weskus aangebied.

Pieter/Roleyn

9.3 Perkemeesters

Charlels Stassen wag nog op inligting vanaf klubs ten opsigte van perkemeesters by elke klub.

Charles Stassen

9.4 Disability Bowls

Lorna Viljoen noem dat Worcester op 07 Februarie 'n Cansa-aand sal aanbied waar die blinde rolbalspelers teen die siendes sal meeding. Dit word beklemtoon dat "Special Events" ook gaan oor bewusmaking van rolbal in die breë gemeenskap.

10. VERSLAE: PRESIDENTE: SUB-DISTRIKTE

10.1 Weskus

Leon Meyer berig oor probleme wat ondervind word by Weskus Militêr en Clanwilliam en wat spruit uit die gebrek aan water. Hy berig ook dat Annatjie Rademan klaar maak as Wedstryd-sekretaris. Verslag word aangeheg.

10.2 Overberg

Rosa se verslag aangeheg. Sy noem dat Pierre Paul as sekretaris bedank het. Sy hoop dat hy nogtans sal aanbly tot Meimaand wanneer die nuwe Bestuur verkies word.

10.3 Winelands

Lesley mentions that they have identified many promotional activities like spit braais and team building and find rhat a fun game of bowls break the ice and complement all such functions.
Charmaine Mostert was nominated by CWB to attend a Sports Federation TV recording which showcased the federation, clubs and athletes. Lesley's report is attached.

11. KORRESPONDENSIE

11.1 BSA Omsendbriewe

Kennis geneem van Omsendbriewe 2018/65 – 2018/74, asook 2019/01-02.

12. ALGEMEEN

Geen.

13. VOLGENDE VERGADERING

Geskeduleer vir 29 Maart 2019.

_____ _____

PRESIDENT **SEKRETARIS**

_____

DATUM